

# MIDSTREAM COLLEGE

Omsendskrywe 9/2023
22 Junie 2023

☎ 012 661 2341
college@midstreamcollege.co.za

## SKOOLSAKE

### UIT DIE HOOF SE KANTOOR

> *Happiness cannot be travelled to, owned, earned, worn or consumed. Happiness is the spiritual experience of living every minute with love, grace, and gratitude.*
>
> *Denis Waitley*

Ek hoop julle het elkeen genoeg liefde, genade en dankbaarheid gedurende hierdie bedrywige kwartaal ervaar. Dit is met groot dankbaarheid en vreugde dat ek kan getuig dat mnr Rickus Viljoen tans tuis aansterk na 'n motorfietsongeluk meer as twee weke gelede waarin hy onder andere sy heup- en borsbeen asook 11 ribbebene gebreek het. Mnr Johan van Wyk, een van ons direkteure, sterk ook tuis aan na 'n rugoperasie wat tot bloedklonte in sy long gelei het. Ons kan net die Here loof vir Sy groot genade. Mag Hy een en elkeen van ons ook hierdie vakansie in die palm van Sy hand hou.

Ek glo almal is bewus daarvan dat me Hester Hill aan die einde van die derde kwartaal na 10 jaar as hoof haar vlerke sprei en Midstream College Laerskool verlaat. Na 'n deeglike proses is dit vir my aangenaam om aan te kondig dat mnr Wouter Rothmann, hoof van Laerskool Skuilkrans, vanaf 1 Oktober as die nuwe hoof aangestel is.

'n Woord van dank aan elke ouer, leerder en onderwyser wat die OISESA-vraelys voltooi het. Ons is tans besig om die uitkomste te bestudeer en gee graag terugvoer na die proses in Augustus afgehandel is. Ek bedank ook graag die ouers wat aan die begin van die eksamen my Koffie-met-Carel-sessie bygewoon het. Dankie ook vir die positiewe terugvoer op beide hierdie forums. Ons is altyd dankbaar vir die enkele uitdagings wat uitgewys word. Ons luister graag en kan net probleme waarvan ons bewus is, aanspreek.

As gevolg van die koue sal leerders toegelaat word om die eerste paar weke van volgende kwartaal nog steeds sweetpakke te dra. Verder gaan ons ook vanaf die derde kwartaal baie strenger wees rondom selfone in klastyd en slegs leerders se akademiese toestel sal in die klas toelaatbaar wees. Terloops, oorfone is ook nie deel van skooldrag nie 😊.

Geluk aan ons netbalspanne wat die eerste keer hul liga gewen het. Sterkte ook aan ons rugbyspanne met hul uitspele vandag. Die eerste span speel om 17:15 tuis. Kom maak gerus 'n draai. Sterkte ook aan ons seuns- en dogtershokkiespanne wat vir hul Noordvaaluitspele vroeg in Augustus voorberei.

Bon Voyage aan ons Visrivier-vasbyters, Mosambiekduikers, bergfietsryers, sagtebal-, gholf- en krieketspelers, asook landloopatlete wat suidelike Afrika hierdie vakansie deurkruis. Baie sterkte ook aan al ons leerders wat gedurende die vakansie aan verskeie provinsiale toernooie deelneem. 'n Finale dankwoord aan elke ouer, onderwyser en leerder vir jul bydrae tot hierdie bedrywige kwartaal. Ek hoop julle het almal die eksamen oorleef. Rus lekker en kom terug met gelaaide batterye om die derde kwartaal tromp op te loop.

## RISE AGAINST HUNGER-PROJEK

Ons wil u almal van harte bedank vir die bydraes ter waarde van R355 000. 'n Spesiale woord van dank aan MiX Telematics en MultiLoads vir hulle reusebydraes. Dit het die graad 10's in staat gestel om 109 000 maaltye vir minderbevoorregtes as deel van hulle gemeenskapsuitreikprojek te pak.

## KLEREWINKEL

Die besigheidsure gedurende die vakansie is soos volg:

- 23 Junie (07:00 – 15:00)
- 24 Junie – 12 Julie (Gesluit)
- 13 & 14 Julie (08:00 – 16:00)
- 17 Julie (08:00 – 17:00)
- Vanaf 18 Julie (07:00 – 17:00)

# AKADEMIE

## GRAAD12-REKORDEKSAMEN

Vind aangeheg die rooster van bogenoemde eksamen. Dit is ook op die webwerf en die leerders se tablette beskikbaar.

## GRAAD 9-VAKKEUSES

Ons herinner u aan die graad 9-vakkeuse-inligtingsaand op 17 Augustus om 18:30 in die saal. Vakkeuses vir 2024 moet teen Maandag 21 Augustus elektronies ingedien wees.
Vir vakinligting en die vakkeusevorm kan u vanaf **Vrydag 23 Junie** op die volgende skakel klik: https://www.midstreamcollege.co.za/af/akademie/vakke/.

# KULTUUR

## MIDSTREAM COLLEGE KONSERT

Midstream College Hoërskool, Midstream College Laerskool en Midstream Ridge Laerskool gaan op 9 Augustus om 18:30 'n gesamentlike konsert in die Pretoria Staatsteater aanbied. Tydens die spoggeleentheid gaan ongeveer 800 leerders van die drie skole aan 'n verskeidenheid kultuuraktiwiteite deelneem.

Kaartjies vir die konsert kan aanlyn by Webtickets bespreek word deur op die volgende skakel te klik: https://www.webtickets.co.za/v2/Event.aspx?itemid=1529460568

# SPORT

## ALGEMEEN

Baie dankie aan elke leerder en ouer wat ons te midde van die eksamen se uitdagings gehelp het om die spreekwoordelike sportwa deur die drif te trek! Ons is besonder geseënd en dankbaar dat ons leerders talentvol en hardwerkend is. Die vaardigheid om rondom akademiese- en sportdruk te beplan en dit suksesvol te bestuur, rus hulle uitstekend toe vir die toekoms.

Ons kondig ook graag die toevoeging van twee kundige buite-sportafrigters aan wat reeds aan die begin van die derde kwartaal by ons aansluit en op ons bane gaan afrig:

1) Atletiek – Eben Vermaas (Vlak 3-spesialis in gewigstoot en diskus)
2) Netbal – Simoné Rabie, voormalige Protea-speler (Privaat, individuele afrigting)

Ons sien uit na die kundige insette en positiewe bydrae wat Eben tydens die gooie se oefensessies (Dinsdae en Woensdae 14:15 – 16:15) en Simoné in haar privaat hoedanigheid met individuele sessies op die netbalbane gaan lewer. (Kontak me Chantelle Pretorius, ons netbalorganiseerder vir meer inligting.)

## LANDLOOP

Ons is trots op die atlete wat vir die AGN-span gekies is en verlede naweek aan die ASA 5 km-kampioenskap in Johannesburg deelgeneem het:

| Afdeling | Atleet | Plek |
|---|---|---|
| Meisies o. 14 – o. 19 | Jané Male | 28ste |
| Meisies o. 14 – o. 19 | Zabine von Westernhagen | 7de |
| Seuns o. 14 – o. 19 | Xavier van der Leek | 22ste |
| Seuns o. 14 – o. 19 | Juan Breytenbach | Onttrek |

Me Simoné Botha, ons organiseerder, was 1ste in die 40 tot 49-kategorie. Baie geluk, ons is trots op jou juffrou Botha!

Die volgende atlete is gekies om AGN by die interprovinsiale byeenkoms te Groblersdal te verteenwoordig:

| Afdeling | Atleet |
|---|---|
| Meisies o. 14 | Carmia van den Berg, Caitlin Arendse & Elle Gouws |
| Meisies o. 16 | Jané Male |
| Junior Dames | Zabine von Westernhagen |
| Seuns o. 14 | Rupert Groenewald |
| Seuns o. 17 | Xavier van der Leek & Juan Breytenbach |
| Junior Mans | Eben de Wit |

## MUURBAL

Die College het die afgelope naweek aan die Northens Regional Top Schools-toernooi deelgeneem en ons is trots op ons eerste meisies- en seunsspanne:

| | MEISIES | | | | SEUNS | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Opponente | Telling | | | Opponente | Telling |
| 1 | Zwartkop | 20 – 0 | | 1 | Eldoraigne | 18 – 3 |
| 2 | Menlopark | 20 – 0 | | 2 | Zwartkop | 3 – 17 |
| | | | | 3 | PBHS | 20 – 3 |
| | | | | 4 | Menlopark | 8 – 17 |

Ons seuns eindig $3^{de}$ in die streekstoernooi en ons meisies het as wenners uit die stryd getree en na die Suid-Afrikaanse Top Schools-toernooi deurgedring wat in Augustus in Pietermaritzburg plaasvind. Ons vertrou dat hulle op verlede jaar se tweede plek sal verbeter. Sterkte, meisies!

Veels geluk aan Awande Malinga (o. 19), CA Froneman (o. 17), Elzandri Janse van Rensburg (o. 15) en Anushka Janse van Rensburg (o. 14) wat gekwalifiseer het vir die Suid-Afrikaanse Nasionale Toernooi te Kaapstad.

## RUITERSPORT

| Gauteng Ekurhuleni SANESA-kwalifiseerder 4 | | |
|---|---|---|
| Ruiter | Dissipline | Plek |
| Abbi Howarth | Preliminary Dressage Test 3 & 4 | $2^{de}$ |
| Michelle du Preez | Performance Riding<br>Working Riding<br>Dressage Novice Test 3 & 4 | $3^{de}$<br>$4^{de}$<br>$7^{de}$ |
| Daniela Bedford | Dressage Beginner Test 4<br>Dressage Beginner Test 5<br>Show jumping 60 cm A2 Competition<br>Show jumping 60 cm 2-Phase | $2^{de}$<br>$3^{de}$<br>$2^{de}$<br>$3^{de}$ |
| Jodi Slade | Dressage Novice Test 5<br>Working Hunter 70 cm<br>Equitation 70 cm<br>Show jumping 80 cm | $1^{ste}$<br>$1^{ste}$<br>$1^{ste}$<br>$3^{de}$ |
| Kiara Kok | Preliminary Dressage Test 3<br>Preliminary Dressage Test 4<br>Show jumping 70 cm Competition<br>Show jumping 70 cm 2-Phase | $5^{de}$<br>$7^{de}$<br>$7^{de}$<br>$2^{de}$ |
| Kynan van Zyl | Vaulting horse<br>Vaulting barrel | $2^{de}$<br>$1^{ste}$ |

## BERGFIETSRY

Die eerste ligawedren het by Steyn City plaasgevind. Ons ryers het besonder goed gevaar op 'n dag waar daar 660 deelnemers was. Ons deel graag die topuitslae.

| Afdeling | Ryer | Plek |
|---|---|---|
| Sub-junior Seuns | Wiehan Visser<br>Rupert Groenewald<br>Ivan Kymdell | 5de<br>7de<br>14de |
| Sub-junior Meisies | Nika Nortjé | 1ste |
| Jeug Seuns | Robért Ford<br>Sebastian Bruyns<br>Ruben Bruyns | 3de<br>6de<br>8ste |
| Jeug Meisies | Jané Male<br>Sarah Heher | 5de<br>6de |
| Junior Meisies | Lucy Carroll | 5de |

## NETBAL

| Span | Cornwall Hill | Sutherland | Finale posisies in Jubilee B-liga |
|---|---|---|---|
| o. 14A | 17 – 11 | 32 – 1 | 1ste |
| o. 14B | 23 – 12 | 26 – 1 | 1ste |
| o. 14C | 13 – 1 | 11 – 1 | 1ste |
| o. 14D | | 28 – 2 | Nie bereken nie |
| o. 15A | 19 – 23 | 23 – 15 | 4de |
| o. 15B | 24 – 12 | 16 – 9 | 1ste |
| o. 15C | 15 – 0 | 9 – 9 | 4de |
| o. 16A | 30 – 8 | 31 – 9 | 1ste |
| o. 16B | 31 – 4 | 24 – 8 | 1ste |
| o. 16C | | 18 – 7 | Nie bereken nie |
| o. 17A | 16 – 8 | 21 – 1 | 1ste |
| 2de | 19 – 7 | 17 – 12 | 1ste |
| 1ste | 26 – 27 | 52 – 13 | 2de |

Die netbal het geskiedenis gemaak en as algehele B-ligawenners die beste seisoen ooit beleef. Baie geluk aan al die meisies, afrigters en ouers! Die o. 14A, o. 16A, o. 17A en 1ste spanne het na die Tshwane Uitspele deurgedring en ons is veral trots op die drie junior spanne wat tot en met die semifinaal betrokke was.

| **Tshwane Uitspele** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Span | Wilgers | Menlopark | Centurion | Garsfontein |
| o. 14A | 28 – 8 | 9 – 20 | 23 – 12 | 6 – 16 (Semifinaal) |
| Span | Uitsig | Garsfontein | Sutherland | Zwartkop |
| o. 16A | 21 – 8 | 17 – 25 | 22 – 10 | 4 – 23 (Semifinaal) |
| Span | Wilgers | Zwartkop | Wonderboom | Eldoraigne |
| o. 17A | 22 – 8 | 12 – 24 | 18 – 11 | 7 – 29(Semifinaal) |
| Span | Garsfontein | St Mary's | Waterkloof | |
| 1ste | 10 – 33 | 37 – 11 | 18 – 38 | |

Die hokkie het ook hulle ligabepalings en uitspele afgehandel en sien uit na die Noordvaalkompetisies in die 3$^{de}$ kwartaal:

## HOKKIE

| | Meisies | | | Seuns | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Span | PHSG | Oos-Moot | Eldoraigne | Menlo A | St Alban's | Menlo B | Waterkloof |
| o. 14A | 3 – 0 | 8 – 0 | 1 – 0 | 2 – 1 | | 13 – 0 | 0 – 2 |
| o. 14B | 5 – 0 | 3 – 0 | | | 2 – 3 | | 0 – 1 |
| o. 14C | | | | | 0 – 0 | | 0 – 2 |
| o. 15A | 4 – 0 | 3 – 1 | 1 – 3 | | | | |
| o. 15B | 3 – 0 | 7 – 0 | | | | | |
| o. 16A | 7 – 0 | 3 – 0 | 1 – 0 | 0 – 1 | | 4 – 0 | 0 – 1 |
| o. 16B | 4 – 0 | 1 – 0 | | | 0 – 2 | | 0 – 1 |
| o. 16C | | | | | 0 – 1 | | 1 – 1 |
| 2$^{de}$ | 2 – 0 | 6 – 0 | | | 1 – 4 | | 1 – 5 |
| 1$^{ste}$ | 1 – 3 | 5 – 0 | 1 – 2 | 1 – 4 | | 3 – 2 | 2 – 2 |

### Meisieshokkie

Ons is baie trots op die meisies wat uitsonderlik in die A-liga gevaar het. Die o. 15A-span het na hul uitspeelwedstryd teen Eldoraigne vir die Noordvaal B-toernooi in Ermelo gekwalifiseer en die o.14A- (Krugersdorp), o. 16A- (Tzaneen) en eerste span (Potchefstroom) vir die Noordvaal A-toernooi. Die onderskeie Noordvaaltoernooie vind vanaf 9 tot 12 Augustus plaas.

### Seunshokkie

Die o. 14A-span het vir die Noordvaal A-toernooi in Polokwane, die o. 16A-span vir die Noordvaal B-toernooi in Middelburg en die eerste span vir die Noordvaal A-toernooi in Randburg gekwalifiseer. Alle toernooie vind van 3 tot 5 Augustus plaas.

Baie geluk aan die volgende seuns wat in die onderskeie provinsiale spanne opgeneem is:

| o. 14 | o. 16 |
|---|---|
| Rupert Groenewald, Ethan Jaftha, Gabriel Mendes, Trent Sewpaul, Moyahabo Machaba, MH Sahib | Adrian Vosloo, Nicolas Mendes |

## RUGBY

Onlangse uitslae:

| Span | Overkruin | Pretoria-Noord | Wonderboom |
|---|---|---|---|
| o. 14A | 57 – 7 | 34 – 0 | 62 – 5 |
| o. 14B | | | 24 – 7 |
| o. 15A | 33 – 0 | 28 – 7 | 21 – 21 |
| o. 15B | 10 – 7 | 17 – 5 | 13 – 5 |
| o. 16A | 62 – 10 | 30 – 17 | 12 – 27 |
| 3$^{de}$ | | | |
| 2$^{de}$ | 7 – 63 | 13 – 10 | 40 – 17 |
| 1$^{ste}$ | 49 – 5 | 61 – 10 | 68 – 0 |

Sterkte aan ons A-spanne wat almal gekwalifiseer het en in die semifinaal van die Blou Bulle Afdeling 2 speel.

'n Verdere stukkie geskiedenis is die insluiting van Hilton Thomas (graad 12) in die Blou Bulle se o. 18-Cravenweekspan. Ons is ewe trots op Jahred Smit (o. 17A-span), Neil de Vleeschauwer (o. 16B-Noordvaalspan) en Malusi Mahlangu (o. 15B-Rhinospan) wat almal die Blou Bulle op interprovinsiale toernooie gaan verteenwoordig.

Die volgende seuns is in die Pretoria privaat skolespanne (Rooikatte) opgeneem wat ook in die Julievakansie aan die VKB-week gaan deelneem:

| Ouderdom | Spelers |
|---|---|
| o. 16 | Louis Verhoef (k), Du-Juan du Toit, Hanno Britz, Nicholas Grobler, Jordan Joubert, Jared Nel, , Owen Delport, Yanko Cronjé, Erik Meyburgh, Déan Fourie, Thomas Pretorius, Timothy Hattingh |
| o. 19 | Jacques Vos, Mika Lubbe, Deon le Roux, Tian Pretorius, Anru Cronjé, Xander Senekal, Justin Hattingh, Jaedon de Leeuw, Thabang Rammabi |

## ERKENNING VAN NIE-SKOOLAKTIWITEITE: SPORT

Ons wil graag erkenning gee aan leerders wat in nie-skoolsportaktiwiteite uitblink. U is welkom om enige bewys, inligting en/of sertifikate aan die hoof van sport, mnr Henry Verster (hverster@midstreamcollege.co.za) te stuur.

**BMX-Fietsry**

Baie geluk aan Deagan McCallum (graad 9) wat gekies is om Suid-Afrika in Augustus in Skotland by die UCI World Championships in die BMX-uitdaagklas te verteenwoordig.

**Yshokkie**

Kallen Grant (graad 10) is in die Gauteng o. 18-meisiespan ingesluit wat volgende maand in Kaapstad aan die interprovinsiale toernooi gaan deelneem. Ons is trots op jou!

**Judo**

Geluk ook aan Marco van der Westhuizen (graad 12) wat gekies is om in Julie die Tshwane (Gauteng-Noord-distrik) by die SA Kampioenskap in Gqeberha te verteenwoordig.

**Karate**

Maya Robberts (graad 9) is in die Gautengspan ingesluit wat in Julie aan die JKA-Nasionale kampioenskap gaan deelneem. Baie geluk.

# ALGEMEEN

## SPRINGFEST


















**KOM ONS KOMMUNIKEER:**
Vir alle omsendbriewe, sowel as ander inligting, kan u ons besoek of kontak by:

- www.midstreamcollege.co.za
- Facebook (soek Midstream College)
- Instagram (midstream_college)

**VOLGENDE OMSENDBRIEF**
Donderdag 27 Julie 2023